

1 Junie

Skrifgedeelte: Efesiërs 6:10-20

Fokusgedeelte: Efesiërs 6:17b

Die wapenrusting van God

Ek en jy kan nie vir 'n oomblik in hierdie wêreld staande bly sonder die wapenrusting wat die Here aan ons voorsien nie. Ek moet teen die duiwel en die opstandige wêreld en my eie hart beskerm word!

Stel jouself egter voor: 'n soldaat wat sy gordel aan het, sy borsharnas, skoene aan sy voete, sy skild in sy hand, helm op sy kop, maar sonder 'n swaard! Sal hy op sy pos kan bly, staande bly wanneer die vyand aanval? Hy sal dalk vir 'n hele ruk kan uithou, maar hy sal nie kan staande bly nie. 'n Swaard is wesentlik belangrik vir enige soldaat!

Daarom gee die Here ook vir ons 'n swaard! Hoe wonderlik dat ons swaard nie 'n subjektiewe gevoelssding is nie, maar iets wat ek kan lees en leer ken in my eie taal en in my kop en my hart en my hande vashou. Ons Swaard is die lewende Stem van die Here, opgeteken deur mense, deur die Heilige Gees geïnspireer.

Ek maak hierdie swaard nutteloos as ek dit nie ken nie, dit wil sê as ek dit nie optel en lees en deurdink nie, en nie verstaan hoe dit werk nie! Dit wil sê, as ek nie besef dit is deur mense geskryf, maar terselfdertyd deur die Gees geïnspireer nie. Ek maak van die swaard 'n sweep as ek dit wil gebruik om wette te kry wat ek kan volg om my lewe beter te maak. Ek maak die swaard stomp as ek dit sien as goeie raad eerder as die lewende Woord van God. Ek maak dit oneffektief en nutteloos as ek net die dele wat my pas, as gesagvol aanvaar. Ek maak daarvan 'n stok eerder as 'n swaard wanneer ek dit op ander mense wil gebruik, voordat ek dit op my eie hart gebruik het om die kanker van liefdeloosheid en opstandigheid uit te sny.

Die Heilige Gees wil (of het al) die skerp punt van hierdie swaard, die boodskap van Jesus se plaasvervangende lewe, dood en opstanding gebruik om my en jou dooie harte lewend te maak, begerig om God te leer ken. Hy plaas hierdie swaard in jou hand om sodoende hierdie LEWE in jou, wat Hy kom gee het, te laat groei, te beskerm en aan ander oor te dra. Gryp die Swaard vas met alles in jou en gebruik dit soos Hy wil!

Sing: Skrifberyming 14-3:3-4

Ds. TF (Thomas) Dreyer (Randburg)